Aloe Ferox™ Nuusbrief

Tel: (028) 735 8100
Fax: (028) 735 8131
PO Box 25, Albertinia, 6695
info@af.co.za / www.af.co.za

ALOE FEROX herdenk vanjaar, 20 JAAR van besigheid en diens aan ons gewaardeerde verspreiders. Leah Coetzee en Emily Ambachtsheer (ma en dogter) het 20 jaar gelede met die besigheid begin deur self die produkte by skoue en feeste te bemark. Dit is 'n groot voorreg om na 20 jaar vir Leah (al sterk op pad na die groot 8-0 mylpaal) nog steeds ten volle betrokke en aan die stuur van bemarking te hê. Ons glo dat Emily, waar sy nou in die hemel aan die voete van die Here sit, saam met ons opgewonde is oor die volgende 20 jaar van uitstekende heilsame produkte.
Ons sal 'n spesiale skrywe rondom die 20 jaar herdenking later vanjaar uitgee.

TOPPRESTEERDERS VAN 2015

2015 is uiteindelik op sy rug en ons het 'n kansie gehad om al die verspreideraankope van 2015 te evalueer. Dit is vir ons 'n groot voorreg om die name van die toppresteerders van 2015 aan te kondig. Elkeen van die onderstaande toppresteerders ontvang 'n sertifikaat vir toegewyde diens en uitmuntende verkope.

TOP 10 PLATINUM

1. Minerva Conradie van Sedgefield
2. Marianne Greyling van Carolina
3. Marieline Kruger van Faerie Glen
4. Elizabeth Hough van Faerie Glen
5. Annemie Teunen van Pretoria
6. Laetitia Segal van Kaapstad
7. Janette Errington van Port Elizabeth
8. Maureen Kinghorn van Port Elizabeth
9. Madelein du Toit van Roodepoort
10. Linda Bentley van Port Elizabeth

TOP 100 – GOUD – *Ons hoop om van julle in die TOP 10 plekke van 2016 te sien.*
Venishree Govender, Rodney & Elaine Robb, Sewes Wolmarans, Sharon Terblanche, Anette Taylor, Francois Wessels, Malik Cassim, Dr. Leon Landman, Noelene Kennedy, Diana Pieterse, Ronnie Botha, Viola Calitz, Thelma Oosthuizen, Petro Massyn, Anré van Beek, Antoinette Thiart, Silna Thomas, Marius & June Botha, Petro Streicher, Annelie Engelbrecht, Heléne Schoombie, Isabel Vieira, Chiman Harjeven, Pieter Conradie en Flip & Sannie van der Westhuizen.

TOP 100 – SILWER – *Julle harde werk in 2015 was vir ons 'n riem onder die hart.*
Nelri Thompson, Lettie de Villiers, Rina Appelgryn, Elsabé Harding, Joe Hattingh, Hettie Janse van Rensburg, Brigitte Trebbin, Johannes Arnoldus Nel, André Ekermans, Lorraine Sadler, Louette Lambrechts, Jan Spoelstra, Estelle Aspeling, Raylene Lindemann, Hennie Liebenberg, Kitty Lotze, Justin Mark Moloney, Theresa Delport, Karen Wolmarans, Ilse Marais, Sylva Francis, Linda van Eck, Mart Singer, Antoinette Goosen, Veronica Wessels, Joni Valuthuba, Barbara Stokell, Madelene van der Berg, Lynette Bresler en Amélia Eloff.

TOP 100 – BRONS – *Pragtig!*
Francois Engelbrecht, Ishwar Khoosal, Margot Vile, Marianna la Vita, Anette Groenewald, Stuart Pearson, Elize Schoeman, Annemarie Dellemijn, Mike Norris, Hennie & Marlene van Wyk, Amelia Leenen, Schalldean Victor, Retha Hewitt, Ursula Halford, John Langford, Theresa Behrens, June de Jager, Ronelle Pretorius, Catherine Hur, Martha Hanekom, Trevor Janse van Rensburg, Wendy Calitz, Wendy Wang, Annetjie Oosthuizen, Marike Muller, Mary Shears, Ronél de Klerk, Elsabé Strauss, Sophia Fourie en Ella de Villiers.

Nuwe Kategorie vanaf: Top 5 Besigheidsvennote

1. Mendelt van Wijk van Dried Fruit for Africa te Kaapstad.
2. Hilde Nel van Simply Natural te Kaapstad.
3. Samantha Wuu van Yi-Feng Trading te Oos Londen.
4. Henriëtte Wolmarans van Ouma Bettie se Winkel te Mosselbaai en George.
5. Miriam Bryant van Noramie Fashions te Randfontein.

Immuniteitstelsel

Dit is amper die GRIEPseisoen en tyd om nou jou immuniteit te versterk. Beveg die eerste tekens (toe neus, postnasale drup, geïrriteerde keel) van 'n komende verkoue of griep met *Winter Fighter*-kapsules. Blootstelling aan die griepvirus is onvermydelik en daar is geen teenmiddels vir griep-virusse nie, jou eie immuniteitstelsel moet die virus doodmaak. Neem *Winter Fighter* wanneer die eerste wintersimptome opgemerk word. Simptome verdwyn nog dieselfde dag as dit vroegtydig gedrink word.

Winter Fighter verbeter die werking van die immuniteitstelsel deur witbloedselle te vermeerder wat die vermoë daarvan verbeter om invallende organismes te oorweldig.

Echinacea is die mees bekende kruid, wat klinies bewys het dat dit effektief teen verkoue- en griepsimptome werk. Jou beste verdediging is 'n goeie aanval. Moet daarom nie sonder jou *Winter Fighter* betrap word nie.

Die Echinacea in *Winter Fighter* versterk die immuniteit deur:

- die liggaam se produksie van infeksie-bevegtende witbloedselle te stimuleer.
- die produksie van virusse te voorkom.
- meer virus-etende makrofage te produseer.
- verkoue- en griepvirusse spoedig op te spoor en te vernietig
- die verkoue simptome te verminder en die tydsduur te verkort.

Vitamin C+ kortwiek griep en verkoue en verminder sowel die erns as die lengte van die siekte. Neem gerus *Vitamin C+* en *Whole-leaf Aloe Juice* saam met *Winter Fighter*. Die *Whole-leaf Aloe Juice* kan gebruik word om die immuniteit op te bou, asook gegorrel word om 'n krapperige keel te streel. Hierdie kombinasie is die winter se doodsteek.

Timeless Eye Cream

Dit is klinies bewys dat die komplekse bio-aktiewe peptiede wat in die *Timeless Eye Cream* gebruik word, donker kringe, pofferigheid en fyn lyne onder die oë teëwerk. Die *Timeless Eye Cream* bevogtig ook die sensitiewe vel rondom die oë om sodoende die vorming van plooie en fyn lyne te vertraag. Gebruik *Timeless Eye Cream* as deel van jou oggend en aand velsorgroetine.

Prysverhoging 2016

'n Onvermydelike prysverhoging van slegs 7% sal vanaf 1 Julie 2016 van toepassing wees. Dit is altyd ons nommer EEN prioriteit om die Aloe Ferox produkte so bekostigbaar moontlik te hou terwyl die kwaliteit en werkverrigting steeds topgehalte bly. Die nuwe pryslys sal die Mei / Junie nuusbrief vergesel. Gryp dus nou die geleentheid aan om voorraad op te bou tot en met einde Junie 2016.

Laboratorium-koekeloer

Wrinkle-less Crème is 'n liggewig bevogtiger, ontwerp om jou kosbare vel te beskerm teen die aanslae wat velveroudering veroorsaak. *Wrinkle-less Crème* kan van ongeveer 25 jarige ouderdom gebruik word. Breë spektrum SPF (*in silica SPF bepaling)* bied UVA/UVB beskerming. *Wrinkle-less Crème* is ook saamgestel uit teenveroudering-aktiewe bestanddele wat verskeie bewese velvoordele inhou om velverouderingskade te help herstel. Hierdie bestanddele is individueel en eksklusief getoets om -

- UV-beskadigde vel te help herstel
- plooi-uitstryking te verbeter en plooivorming te help vertraag
- velfermheid en elastisiteit te help verbeter
- velvog te help aanvul

Geformuleer sonder kunsmatige geurmiddels, kleure of parabens.

Ingrediënte: Aqua, Caprylic/Capric Triglyceride, C12-15 Alkyl Benzoate, Stearic Acid, Cetearyl Alcohol, Sorbitan Stearate, Polymethyl Methacrylate, Ethylhexyl Methoxycinnamate, PEG-20 Stearate, Polysorbate 60, Polysorbate 20, Aloe Barbadensis Leaf Extract, Oenothera Biennis Oil, Propylene Glycol, Butylene Glycol, Glycerin, Palmitoyl Oligopeptide, Palmitoyl Tetrapeptide-7, Rosa Damascena Flower Oil, Bis-Ethylhexyl-oxyphenol Methoxyphenyl Triazine, Octocrylene, Tocopheryl Acetate, Tetrasodium Iminodisuccinate, Carbomer en Triethanolamine

20 Jaar "Limited Edition" Super Aloe Gel

Vanaf 1 Julie 2016 sal 'n "Limited Edition" 75ml *Super Aloe Gel* die gewone 50ml *Super Aloe Gel* vervang ter herdenking van ons 20 jarige bestaan.

- Hierdie 75ml *Super Aloe Gel* sal pryk met die kunswerk van die heel eerste *Super Aloe Gel* buise en
- sal teen die prys van die gewone 50ml *Super Aloe Gel* verkoop word. Dit is 25ml produk GRATIS!
- Slegs 15 000 eenhede/buise sal vervaardig word.
- Die eerste 100 verspreiders wat meer as 10 eenhede/buise van hierdie 75ml *Super Aloe Gel* tussen 25 en 31 Junie 2016 bestel, sal elk 2 eenhede/buise teen die 1996 prys van R21.00 (geen afslag) kan aankoop.

Moenie hierdie bemarkingsgeleentheid misloop nie!

Die wel en weë van die bewoners van die aalwynplaas
Hoofstuk 5

Die werf is vanmôre baie stil. Die hoenders staan in groepies met hul koppe naby mekaar. Niemand praat nie. So staan hulle al 'n week rond. Dis oor die ding wat met Dinatjie gebeur het. Niemand praat meer van Lady Di nie.
Sy lê net op haar een sy met haar nek lank voor haar uitgestrek. Haar oë kyk op een plek, maar niemand kan sien waarvoor sy kyk nie.
Die hoenders het een aand nog vrolik en lawaaierig op hul slaapstokke gespring, en die volgende oggend vroeg het Ta' Maraia Dinatjie op die grond gekry. Sy kon nie loop nie. Niemand weet wat met Dinatjie gebeur het nie.
Ta' Maraia het haar opgetel en haar voorskoot om Dinatjie gedraai. Soos 'n baba het sy haar huis toe gedra. Almal kon Ta'Maraia hoor troos. Die werfdiere het gedink Ta'Maraia is die een wat getroos moet word, want sy het kort-kort oor haar gesig gevee.
En nou is dit 'n week later en daar is geen beterskap by Dinatjie nie.
Oom Fausti skuifel strammerig by die hoenderhok verby. Hy is op pad om Dinatjie te besoek, weet die hoenders. Hy lê soms lang tye by haar en raak selfs aan die slaap, al vertel hy vir die hoenders dat dit sy tyd van die dag is waarop hy me-di-teer. Oom Fausti sê die ding wat met Dinatjie gebeur het, was 'n keerpunt in sy lewe. Hy wat altyd so lief was om vanweë sy hoë ouderdom bejammer te word, veral deur Ta'Maraia, het die teenoorgestelde van selfbejammering ontdek, naamlik om ander jammer te kry, om simpatie met ander te hê. Omdat hierdie emosie vir oom Fausti nog vreemd is, weet hy nie altyd hoe om dit te wys nie. Dit is 'n vaar-dig-heid, sê hy, wat jy moet aanleer, én versigtig gebruik, sodat jy die een vir wie jy jammer is, nie met jou simpatie oorweldig of aanstoot gee nie.
So het Toiings onlangs naby Dinatjie se uitkykbedjie verbygestap wat Ta'Maraia vir haar ingerig het sodat sy oor die werf kan uitkyk en deel bly van die lewe op die aalwynplaas. Hy sien toe hoe oom Fausti so bewoë raak oor wat met Dinatjie gebeur het, dat hy haar met 'n nat tong oor haar rug en kop begin lek het. Dinatjie het dit vir 'n rukkie verduur en toe haar kop eenkant toe gedraai en floutjies gesê: "Dankie, oom Fausti, maar Oom se asem…"
Oom Fausti se ore het dadelik slap teen sy wange geval en sy stert het vanself tussen sy bene ingetrek. "Ekskuus, Dinatjie," het hy kwylerig verskoning gemaak. "Dit is net dat ek so jammer is vir jou… "
Ta'Maraia het in die agterdeur gestaan en toe oom Fausti se groot kop tussen haar hande geneem. Sy het afgebuig en lank na hom gekyk. Toe het sy omgedraai en met 'n stukkie maalvleis teruggekom. "Ek het jou bitterkristalletjie sommer in die maalvleisie vir jou toegerol," het sy gesê. En toe sy omdraai, hoor Toiings haar sê: "Mens raak nooit te oud om te leer nie, honne."
Skielik hoor die diere 'n vreemde geluid van Dinatjie af kom. Iets tussen 'n kloek en 'n sagte geknor. So 'n geluid het hulle nog nooit gehoor nie.
Kleintjie raak so beangs dat sy sommer weer begin lispel: "Toiingth, ith Dinatjie bethig om dood te gaan?" En sy los haar ses eiertjies net so en spring van haar nes af.
"Kom, dingetjie," sê Toiings, "bedaar. 'n Hen wat besig is met die belangrike ding van broei, moet kalm bly. Gaan neem jy solank jou sandbad agter die hoenderhok vir die luisies wat alte maklik op 'n broeihen saampak. Dis tyd dat Ta'Maraia weer bitterpoeier strooi. "
Maar Kleintjie kan sien dat Toiings net so ontsteld is. Sy ondersnawel bewe amper soos hare soms gebewe het voordat sy Toiings se hen geword het.
Ta'Maraia het ook die vreemde geluid gehoor en sy kom vinnig by die agterdeur uit, reguit na Dinatjie wat haar nek rusteloos beweeg. Die knorgeluide begin soos krete klink.
Heiki-hen hardloop hok toe. Die diere hoor hoe sy aanhoudend roep: "Nein, nicht wieder sterben!" Hulle weet dat Heiki-hen nog 'n klein kuiken was toe haar ma en haar volstruismaatjie, Vollietjie, dood is. Hierdie gebeurtenis is te veel vir Heiki om te verduur.
Ta'Maraia vat Dinatjie ferm in albei hande vas en druk haar teen haar bors. Dinatjie wriemel en spartel en probeer uit Ta'Maraia se greep kom. Maar wanneer sy die vastigheid van Ta'Maraia se arms om haar voel, haar een hand stewig onder haar pote, bedaar sy.
Ta'Maraia sak met Dinatjie op die grond neer. Sy bly so met Dinatjie op haar skoot sit terwyl sy een hand ferm onder haar lyfie stut en met die ander hand liggies van bo begin druk.
En toe verstaan Dinatjie wat aan die gebeur is. En sy raak kalm. En sy begin saam druk.
Lank sit Ta'Maraia so met Dinatjie terwyl sy saggies met haar praat, en haar prys, en by tye fermer druk wanneer dit nodig is.
En toe, heelwat later, glip daar 'n warm, nat eier in Ta'Maraia se hand in.
Sy bly net so sit. En trane loop uit haar oë. Later staan sy op en lê Dinatjie versigtig op haar uitkykbedjie neer. Die eier hou sy met albei hande vas.
"Van nou af sal ons vir jou iets gee om jou sterk en kalm en dapper te maak, Dinatjie. En iets wat jou gewrigte soepel sal maak om jou daaglikse eiertjie in die wêreld te bring."

Diere kan met gemak en veiligheid dieselfde produkte as mense gebruik. In hierdie geval sal ons die lam hennetjie Calci-Boost, Get-a-Grip, Bitter Crystals in die drinkwater en Joint Support gee. Pas dosisse aan.